

Tegnologie – Graad 8

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).


Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

 Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

Vaardighede in die ontwerpproses




1. In tegnologie, om te ondersoek en weldeurdragte metodes te gebruik om probleme op te los, word genoem.
- (a) tegniese tekening
 - (b) die tegnologiese vraag
 - (c) die tegnologiese ontwerpproses
 - (d) tegnologie-opleiding

2. 'n Ontwerpoorsig is
- (a) 'n duidelike, bondige stelling wat beskryf wat jy van plan is om te doen om 'n probleem op te los.
 - (b) 'n lys teikens wat 'n ontwerper wil bereik.
 - (c) beperkings wat die ontwerp raak.
 - (d) 'n tipe bril.

3. 'n Voorbeeld van 'n spesifikasie, soos dit in 'n ontwerpoorsig ingesluit is, het ten doel dat
- (a) jy twee uur het om die taak te voltooi.
 - (b) die katrol 'n vrag van 500 g tot 'n hoogte van 1 m moet lig.
 - (c) jy nie materiale vermors nie.
 - (d) julle slegs in groepe van vier leerders mag werk.


Kyk na die twee dakkappe hieronder vir vraag 4.



- (i) Die dakkap met 'n balk sal nie die gewig van die teëls kan dra nie.
- (ii) Die dakkap met 'n balk sal die krag weerstaan, want die balk sal die dakkap verbind/versterk ten einde te verhoed dat dit onder die krag wat deur die teëls uitgeoefen word, sal meegee.
- (iii) Die dakkap sonder 'n balk sal nie die gewig van die teëls kan dra nie en sal later insak.
- (iv) Die dakkap sonder 'n balk sal die uitgeoefende krag weerstaan.



4. 'n Kort evaluasie van die twee dakkappe is in die notas hierbo vervat. Dit verduidelik watter dakkap die geskikste sal wees om die teëldak van dié huis te ondersteun. Watter twee is korrek?
- (a) i en iii.
 - (b) iii en iv.
 - (c) ii en iv.
 - (d) ii en iii.



5. Om 'tekeninge te verbeter', beteken
- (a) om kleur, tekstuur en skakering by die tekeninge te voeg.
 - (b) om die tekeninge groter te maak.
 - (c) om die tekeninge te raam.
 - (d) om die tekeninge op gekleurde papier te maak.

6. Die illustasie links toon aan hoe om voorwerpe te teken.
- (a) as 'n isometriese tekening
 - (b) in perspektief
 - (c) as 'n skuinstekening
 - (d) as 'n ortografiese tekening

